### *Die Meester waarsku vir die wraak van die fariseërs*

**126** Toe hierdie kontroleurs en ondersoekers in geen veld of pad meer te sien was nie, sê **die hoofman**: "Meester, hulle sal hopelik swyg, want hierdie drie koorde kan nou wel sterk genoeg wees! Origens is dit die volle waarheid dat as ek binne hoogstens agt dae sal hoor wat één van hulle ook nog so heimlik êrens gesê het, bowendien is hul geloof nog sterker as my ver verspreide boodskappers en hul groot angs is hul tugmeester. Ek staan dan ook daarvoor in dat geeneen van hulle ook maar `n woord van alles wat hulle hier beleef het, aan iemand sal sê nie!"

[2] **Ek** sê: "Ja, hulle sal swyg, maar hul toorn sal des te groter word, want dit wat hulle hier in so oorvloedige mate ontmoet het, sal geeneen van hulle ooit vergeet nie. Pas almal regtig goed op, want hul geheime boosheid is groot en het geen grense nie! In hul hart woon duiwels en daarvoor is geen middel te sleg om hom te wreek op diegene wat hulle beledig het nie! Pas daarom op! Hulle sal nou broei en broei! Die getuienis wat hulle moes onderteken is egter die beste middel om hulle te bind! **Daarom sal hulle wel stil wees, maar hulle sal na julle meer kwaadwillige boodskappers stuur as julle na hulle, en hulle sal valse getuies teen julle aanstel.** Pas dus daarvoor op, daarom sê Ek dit vir julle vooraf!"

[3] **Die hoofman** sê: "Meester, ek dank U met my hele hart vir hierdie waarskuwing! Maar omdat ek dit nou weet, sal dit elke vreemde in die vervolg heel vreemd tegemoet gaan, veral as hy uit Jerusalem hierheen kom! Waarlik, gloeiende kole sal op sy hoof gestapel word! As ons net één kan pak, dan sal dit `n tweede vir altyd die begeerte ontneem om `n engel van die duiwel te wees!"

[4] **Ek** sê: Ja, ja, wees dus op jou hoede, want hierdie soort sien daar van buite so gedwee uit as `n duif, maar is van binne giftiger as `n Egiptiese kobra! Hy sal in allerlei gestaltes kom, en dan hierdie, dan daardie taal praat, dan weer as Griek en dan weer as Egiptenaar, ook as Romein, en hy sal moeilik te onderskei wees van egte onderdane van die genoemde nasies. Maar as jy hulle grondig ondersoek, sal jy wel ontdek wie se geesteskinders hulle is!"

[5] **Die hoofman** sê: "O, ek dank U nog baie meer, o Meester! Nou weet ek presies wat ek in die toekoms sal moet doen, en sou daar `n twyfelagtige geval voordoen, dan sal U my wel toestaan dat ek U bo alles gewyde en magtige Naam aanroep en sê: 'O groot almagtige Gees van my Majesteit en Meester JaHshua! Verlig my hart sodat dit daar lig word!', en U sal die roep van my sekerlik ook tot aan die einde van die wêreld hoor!"

[6] **Ek** sê: "O vriend en broer, bly so in My en My Gees sal in jou wees, tot jou hulp elke oomblik van die dag en in die nag!"

[7] **Jarah** wat langs My staan sê: "Maar Meester, U praat asof U ons al wil verlaat!? O ek smeek U, bly tog nog `n paar dae by ons, want U is tog my lewe! Hoe sou ek sonder U kon lewe? U moet hier bly, ek laat U nie gaan nie! Sonder U sal ek sterwe!"

[8] **Ek** sê heel vriendelik: "O my geliefde Jarah, jou sal Ek vir ewig nie verlaat nie! En as Ek as mens My na enige dae vir My taak `n tyd lank van hier af moet verwyder, dan sal Ek tog steeds in die gees by jou wees, en jy sal met My praat, en Ek sal op elkeen van jou vrae `n goed hoorbare antwoord gee, daarvan kan jy heeltemal verseker wees! - Verstaan jy dit?"

[9] **Die kleine Jarah** sê: "Ja, my allerliefste Meester JaHshua, dit verstaan ek baie goed en ek weet dat niks vir U onmoontlik is nie, maar ek sou tog graag wou hê dat U ook as mens nog langer by ons bly. Want kyk, noudat U by ons is, sien alles daar so stralend en hemels uit, ek kan my nou al die hemel nie mooier en heerliker voorstel nie. Daarom moet U vir my tog ook nog as Mens `n paar dae hier bly!"

[10] **Ek** sê: "Nou ja, dit is onmoontlik om so `n liefde iets te weier, veral as sy die allerbeste deel uitgekies het! Wees maar bly, jou liefde sal nooit alleen wees nie!"

[11] Dit maak **Jarah** so vrolik dat sy na Ebahl spring en sê: "Kyk, vader Ebahl, die Meester bly nog by ons, en sal dit steeds doen!"

[12] **Ebahl** sê: "My liewe kind, dit is `n groot barmhartigheid vir ons, wat ons almal saam nie werd is nie, want Hy is die Meester van hemel en aarde! Wat Hy doen en wil doen, lê in Sy ewig ondeurgrondelike Raadsbesluit verborge, waarvolgens elke haar op ons hoof net so getel is soos die sand van die see, en ons mense kan niks daaraan verander nie. Maar ek is ook van mening dat dit by Hom, vir wie duisend jare is soos `n dag, nou juis nie op `n dag sal aankom om korter of langer by ons te bly nie. Hou jy Hom daarom maar vas en laat Hom nie gaan nie, want Hy het jou van ons almal die liefste!"

[13] **Jarah** sê: "O, ek sal Hom wel goed vashou en sekerlik nooit laat gaan nie!"

### *Die Meester praat oor die gees van die liefde*

**127** Toe kom **Ek** van agter stilletjies na Jarah toe, tel haar van die grond af op en sê: "Maar my allerliefste kindjie, hoe sou jy My kon teëhou? Kyk, Ek is tog baie sterker as jy!"

[2] Nadat Ek haar weer op die grond neergesit het, sê **die kleintjie**: "Ek weet wel dat U ontsettend baie

sterker is as ek, wat vir U nouliks `n muggie is, want U dra met U almagtige Wilskrag hemel en aarde en hou die see in sy diepte, hoe sou ek my dan in krag met U wil meet?! Maar ek bedoel dat U, omdat ek U tog so onbeskryflik liefhet, ter wille van my liefde vir U, U `n bietjie langer hier sal wil laat vashou!"

[3] **Ek** sê: "**Ja, daarin het jy weer gelyk, want met die liefde kan mens alles met My gedoen kry!** Die liefde tot julle mense trek My tog na hierdie aarde! Wie so `n liefde het soos jy, kan egter met My doen wat hy wil! Want die liefde is My Gees in die harte van die mense. En wat die liefde verlang en wil, kom uit die diepste van die goddelike orde, en jy kan My daarom met jou hart behoorlik vashou en Ek sal My nooit as te nimmer skei van jou hart nie!

[4] Maar My sigbare persoon is nie belangrik nie, alles gebeur deur My Gees! Wat Ek doen, dit doen nie My persoon nie, maar slegs My Gees, maar vir jou sal Ek tog `n paar dae hier bly, - want môre is die sabbat en oormôre `n na-sabbat! Beide dae sal Ek nog hier bly, dan sal Ek verder trek, en wel na Sidon en Tirus toe - Ek sal daarna weer terugkom en miskien die halwe winter by julle deurbring."

[5] **Die kleintjie** sê heeltemal ingetoë: "O, geloofd sy die gewyde aparte Vader! Nou is ek al tevrede!"

[6] Almal bewonder die twaalfjarige oue meisie en verbaas hulle oor haar verstand. En **`n ou man** sê: "O, dit is `n besondere barmhartigheid van Elohim! In die gevoelige velletjie is `n engel van Elohim versteek! Gestalte en gees getuig daarvan."

[7] **`n Ander** sê: "Ja wel! Die meisie is maar net ongeveer twaalf en `n halfjaar, maar sy lyk egter soos `n meisie van sestien! Haar liggaam is heeltemal gevormd, en haar siel laat niks te wense oor nie. Dit het werklik hoof en hart op die juiste plek! Geseënd is hy wat haar eendag as vrou in sy huis sal inbring!"

[8] **Jarah** hoor dit en sê: "`n Hart wat Elohim liefhet, het die liefde van `n selfsugtige bruidegom nie nodig nie, want so `n hart is al as bruid in Elohim se huis binnegelei! Ek het die mense lief in hul nood en doen elke uur van die dag of nag goed aan die armes, maar die bepaalde liefde van `n jong man ken ek nie, en sal ek ook nooit leer ken nie - tensy sy hart net soos myne slegs vervul is met die suiwere liefde tot Elohim!"

[9] **`n Ander ou Judeër** sê: "Ai, ai, meisie! Wat jy sê, klink weliswaar asof dit uit die mond van `n engel kom, maar tog bestaan jy uit vlees en bloed, en as jou jare eenmaal sal kom, dan sal jy wel sien dat vlees en bloed by die mense niks te sê het nie!"

[10] **Jarah** sê: "Dat die mens geen God is nie, weet ek al sedert my prille jeug, maar die mens kan deur sy ware liefde tot Elohim `n meester van sy vlees en bloed word, danksy die versekerde hulp van Elohim. Vir wie Elohim help, die help Hy heeltemal en nie net halfpad nie, wat julle vanmôre vroeg self aan julle sieke vlees en bloed ondervind het! Want dit was geen mensehulp nie, maar dit was Elohim se Hulp!" - Na hierdie woorde van Jarah verstom die oudstes hulle aan haar en niemand durf meer `n woord teen haar sê nie.

[11] Maar **Ek** sê aan Jarah terwyl Ek haar by die hand neem: "Dit was goed! Jy praat al byna soos `n volkome profeet!"

[12] Met `n lieflike glimlaggie sê **Jarah** half hardop aan My: "Dit is maklik om profeties te praat as mens by U is en U vir iemand die woorde in die hart en in die mond lê! As ek my eie woorde sou gebruik het, dan sou daar seker baie domhede gesê gewees het"

[13] **Ek** sê ook so half harop: "Dit sou die beste so kon wees, My allerliefste Jarah! Maar van nou af aan sal jy altyd in staat wees om so wys te praat, jy moet maar net nie aan My ontrou word as jy ouer word nie!"

[14] **Jarah** sê: "Meester as die moontlikheid hom voordoen, laat my dan maar liewer sterwe!"

[15] **Ek** sê: "Nou, nou, dit sal tog wel onmoontlik wees!?"

[16] **Jarah** sê, terwyl sy My vas om My middel pak en aan haar bors druk: "Ja, so iets moet ewig onmoontlik bly! Want slegs as jy waansinnig is, gee jy `n pond suiwer goud weg vir `n pond stinkende modder!"

[17] **Ek** sê: "Dus, jy gee tog ook iets om vir goud?"

[18] **Jarah** sê: "Ja, om sielegoud, alles! Die aardse goud noem ek slegs maar as voorbeeld."

[19] **Ek** sê: "Goed, goed, Ek het jou goed verstaan, maar juis omdat Ek soveel van jou hou, moet Ek jou tog ook `n bietjie pla!"

[20] **Jarah** sê: "O pla my maar, ek sal U tog nie minder daaroor liefhê nie! Want ek weet lankal dat Elohim die mense wat Hy besonder liefhet, met allerlei lyding besoek! As U, o Meester, my werklik regtig sal begin te pla, dan sal U my heeltemal liefhê!"

[21] **Ek** sê: "O My liewe kindjie, so `n rein hart soos joune sal Elohim nooit pla nie, maar Hy pla slegs die wat Elohim wel liefhet, maar tewens tog ook so nou en dan `n ogie op die wêreld het. Vir hom dryf Elohim dan deur allerlei plaery die liefde vir die wêreld uit die hart uit, sodat hy `n volkome rein hart kan kry. - Verstaan jy dit?"

[22] **Jarah** sê: "O Meester, heuningwas van my hart, dit verstaan ek baie goed!"